

Hoofstuk van die dag: 1 Johannes 1

> *Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. (vers 1)*

Johannes begin sy brief met ’n bekendstelling: hy was een van

die bevoorregtes wat die Here Jesus in sy aardse gestalte persoonlik geken het. Hy praat nie sommer van hoorsê nie. Hy weet waarvan hy praat. Daarom dra sy getuienis oor Hom gesag.
Die eerste ding wat hy by Jesus gehoor het, is dat God lig is, en dat daar geen duisternis in Hom is nie (vers 5). As ons die eiendom is van God, wat lig is, moet ons optrede en dade dié lig weerspieël. Ons kan nie in God se ligkring leef en ook met duister dinge besig wees nie. Sonde vloek teen Hom aan wie ons behoort, en ons is almal skuldig. Maar, is Johannes gou om by te voeg, daar is vergifnis, gewaarborg deur God self. Jesus se bloed was ons skoon (vers 9).
Hóé vroom jy ook al is, jy kan nie loskom daarvan nie. Jy het nodig om daagliks uit die vergifnis te leef wat Jesus vir ons verwerf het. Ook vandag.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026